Key FINANCE
FINANCIAL SOLUTIONS AT HAND!

GELD vir HUISEIENAARS

Huisverbeterings? Aankoop van voertuig?
Skuldkonsolidering? Droomvakansie?
**Nuwe huislening vanaf 2% onder prima!**

R30 000 vanaf R260 p/m
R100 000 vanaf R878 p/m
R300 000 vanaf R2604 p/m

Bespaar tyd & moeite terwyl KEY FINANCE beste rentekoers namens u onderhandel!

SKAKEL NOU

KANTOOR 012 548 6178
Gerhard 084 603 1339
Jan 082 885 1153
Derek 082 889 7095
January 082 821 3199

of voltooi en faks na
012 548 6779 · 086 675 0790

Bedrag R ______
Sekuriteit ◯ Huis ◯ Plot ◯ Ander
Naam ______
Tel ______
Faks ______
Aankoopdatum ______
Eiendomswaarde R ______
Verbandbedrag uitstaande R ______
Bank ______
[Gesamentlike] Salaris R ______

www.keyfinance.co.za
Braam Pretoriusstr 963 · Montana Park

[KLASSIEKE MUSIEK Paul Boekkooi]

# Merkwaardige spel deur Potch-Trio




**ARNO BABADJANIAN: Klaviertrio (1953). PETERIS VASKS: *Episodi e canto perpetuo* (1985). Die Potch-Trio – Piet Koornhof (viool), Human Coetzee (tjello) en Franois du Toit (klavier). Potch Trio Productions PTP096 (DDD – 51').**

Nadat die Baltiese state in 1991 die juk van die Sowjet-regime van hulle kon afwerp, het 'n florerende musieklewe in elkeen van hulle ontstaan wat nie net die fokus op die nasionalistiese elemente geplaas het nie, maar ook die musiek én die lande se musici sterker onder internasionale aandag gebring het.

Babadjanian (1921-83), 'n Armeense komponis, se Klaviertrio roep om 'n soektog na die nasionale musikale identiteit. Luister 'n mens na dié uiters toeganklike werk, word veral twee aspekte duidelik: hy was 'n neoklassisis met folkloristiese invloede, met hier en daar in die harmonie die Slawiese weemoed van 'n Rachmaninof. Die Potch-Trio toon hier dat 'n mens Babadjanian nie oormatig demonstratief emosioneel hoef uit te voer nie om nietemin 'n besondere indruk van die komposisie in die geheel te laat.

Vasks, gebore in 1946, is van Letland. Soos by baie van sy landgenote is Vasks se musiek in die reël ontdaan van oormatige versierings en kompleksiteite. Hoewel ernstig, skryf hulle musiek vir die hart, nie die kop nie. Vasks roep 'n innige band met en respek vir die natuur op. Sy agtdelige *Episodi e canto perpetuo* (los vertaal as "Episodes in deurlopende gesange") is 'n kontrasryke werk wat soos volg deur Vasks beskryf word: "Dit beeld 'n moeilike reis deur die gebied van rampspoed, teleurstelling en die leed van liefde uit. Veral dié laaste element staan sentraal in die *canto*."

Met Vasks se eie beskrywing daarvan as riglyn word die luistertaak avontuurlik. Die agt dele is uiteenlopend in styl: van uitgerekte elegieë tot die suggestie van ongebonde dramaties humoristiese uitbundigheid wat veral die twee *Burlescas* kenmerk. Omdat die agt dele elkeen kort is (die langste een is vyf en 'n halwe minuut) verkry elkeen op ekonomiese manier sy karaktertrekke. Daar is gefluisterde stygende toonlere, dansagtige uitstappies na volksmusiek, heftige botsings en virtuose uitbarstings, maar ook dele waar die teerste ligskakerings in klank gesuggereer word.

Die lede van die Potch-Trio voer ook dié werk met verbysterende oorgawe uit. Daar is 'n spanningslyn in die vertolking in die geheel wat naderhand dalk te obsederend sou raak as die dele langer uitgerek sou wees. Die klavier en strykers vorm 'n hegte eenheid, terwyl laasgenoemde soms in ongewone registers moet stryk en pluk. Dit skep 'n bykans spookagtige atmosfeer.

Die inisiatief van Potch-Trio Productions om dié CD die lig te laat sien, kan nie sterk genoeg geloof word nie!




**HAVERGAL BRIAN: *Comedy Overture – The Jolly Miller* (1962); Vioolkonsert in C majeur (1934-35); Simfonie nr. 18 (1961). Marat Bisengaliev (viool) saam met die BBC- Skotse Simfonie-orkes o.l.v. Lionel Friend. Naxos 8.557775 (DDD – 55').**

Brian (1876-1972) is 'n minder bekende Britse komponis, 'n outodidak wat die rype ouderdom van byna 96 bereik het. Van die drie werke op dié uitreiking is slegs die Vioolkonsert die aanhoor en selfs 'n mate van studie werd. Sy verdienste lê in die wydsheid van sy opset, met 'n indrukwekkende motto-tema in die openingsdeel, die passacaglia en sy variasies wat die kern van die *Lento*-middeldeel vorm en die energieke opset en virtuositeit in die *Allegro Fuoco*-slotdeel. Daar is beslis invloede wat uit Elgar se Vioolkonsert oorgewaai het, maar dié feit maak dit geensins minder bevredigend nie.

*The Jolly Miller* val maklik op die oor, maar die *Simfonie nr. 18* alles behalwe. Dit is 'n bombastiese en koerslose werk, met 'n barre orkestrasie wat bloot vergeetbaar is. Die uitvoerings word deur volle konsentrasie en oorgawe gekenmerk, terwyl die solis Marat Bisengaliev werklik tegnies en musikaal 'n topprestasie lewer.

boekkooi@acenet.co.za